Vrydag 16 Oktober

Skrifgedeelte: Johannes 14:15-24 (AFR83/AFR2020)

Fokusgedeelte: Johannes 14:21 (AFR83/AFR2020)

My liefde vir Christus is onskeibaar met my gehoorsaamheid aan Christus

Ons het gister deelgehad aan die angs wat die dissipels gevoel het toe Jesus gesê het dat Hy weggaan en hulle Hom nie kan volg nie (Joh. 13:33). Johannes 14 is eintlik die antwoord op die vraag: "Gaan Jesus ons regtig as weeskinders agterlaat?" Dit is wat die dissipels gedink het. Jesus antwoord dan hulle bekommernis deur te sê: "Ek sal julle nie as weeskinders agterlaat nie; Ek kom weer na julle toe" (Joh. 14: 18).

Jesus se belofte is nie dat Hy eers aan die einde van tyd gaan terugkom nie, maar dat Hy sommer binnekort na hulle toe sal kom. Hy sal na hulle toe kom deur sy Gees te stuur (Joh. 14:16). Die Gees is die "ander" Parakleet, wat dus beteken dat Jesus die eerste Parakleet was. Die Gees sal bloot Jesus se werk en bediening binne die gelowiges voortsit. Wat 'n troos!

Daar is egter 'n groot onderliggende voorwaarde vir die geskenk van die Heilige Gees, en hierdie voorwaarde is die verhouding met Christus en meer spesifiek liefde vir Christus (vs 21). Hierdie is die eerste keer wat Jesus oor die gelowige se liefde vir Hom praat. Hy het al verwys na sy liefde vir sy dissipels en hulle liefde vir mekaar, maar hier sien ons die eerste keer dat die gelowige lief vir Jesus moet wees.

Is dit nie vir jou ook vreemd op die oor dat Jesus sê dat elkeen wat Hom liefhet sy gebooie sal gehoorsaam nie? Is liefde nie veronderstel om net 'n gevoel te wees wat ek voel en dat ek heeltyd net in vervoering is oor daardie persoon wat ek liefhet nie? Wat het dit wat ek doen vir daardie persoon te doen met die liefde vir daardie mens? Kan ek nie maar net sê ek is lief vir Jesus en my eie ding doen nie? Wel, dit is hoe meeste mense vandag Jesus sien. Ek hoef net te sê ek het Hom lief en dan is ek reg. Liefde en gehoorsaamheid is egter totaal en al onskeibaar. Sal jou man/vrou steeds dink dat jy lief is vir hom/haar indien jy nooit iets vir hom/haar doen nie? Net so met die Here. Liefde sonder liefdesdade vir God is bloot net lippetaal. Mag dit nooit van jou gesê word nie!

*Sing: Psalm 103:1, 3*

*Ds. CJ (Jaco) Lemmer (Cachet)*